

Kategeet werkblad: 20 Februarie 2011

Teksgedeelte:

Jesaja 19

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Hierdie hoofstuk begin weer met die woorde *'n uitspraak van die Here ...* Hierdie keer is dit 'n Godspraak oor Egipte. Aan die einde van die hoofstuk kom Assirië ook in die prentjie. Alhoewel die profeet namens die Here oor Egipte en Assirië praat, is wat ons hier lees aan Juda gerig. Navorsers vermoed dat hierdie gedeelte ook afspeel in die tyd toe Hiskia koning in Juda was en Jesaja as profeet opgetree het. Die eerste vyftien verse is in poëtiese vorm geskryf. Die laaste tien verse is in prosavorm.

In vers 1 kondig die profeet die nasie aan oor wie dié Godspraak gaan: '[Godspraak oor Egipte. Kyk, JHWH ry op 'n vinnige wolk en kom na Egipte toe ...]' Die wolk waarop JHWH beweeg, kom op 'n paar plekke in die Ou en die Nuwe Testament voor. Die mense het destyds geglo die hemel is die woonplek van die gode. Net so het Israel en Juda gedink dit is woonplek van God. God of die gode het volgens die mense die wolke as vervoermiddel gebruik. Toe hulle hoor JHWH is na hulle toe op pad, sê die profeet '[... wankel die afgode van Egipte voor sy aangesig en smelt die hart van Egipte in sy binneste].' Uit vorige ervaring sal die gode, veral die farao, wat homself as 'n god beskou het, én die Egiptenare weet JHWH is nie hulle speelmaat nie.

Die laaste tien verse bestaan uit vyf Godsprake wat elke keer begin met *in dié dag ...* Dit word ook gekenmerk deur die herhaling van *JHWH van die leërskaare*. So beklemtoon die profeet dat die Here bo alles betrokke is, deur mense betrokke is op aarde.

Egipte bewe nie net voor die Here van die leërskaare nie. Vers 17 sê: '[En die land Juda sal vir die Egiptenaars 'n skrik wees: as iemand daarvan melding maak by hulle, bewe hulle vanweë die besluit van JHWH van die leërskaare wat Hy teen hulle geneem het].' Onthou, die besluit wat die Here teen Egipte geneem het, gaan hand aan hand met dit wat op die grond gebeur het. Die Egiptenaars het begin besef hulle gode is stom. Hulle het besef die Here van die leërskaare lewe.

In dié dag wat Egipte JHWH aanbid, sê vers 23: '[In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië JHWH dien].' Die pad vanaf Assirië, oos van Juda, deur die stad Damaskus al langs die kus van die Middellandse See verby Juda tot in Egipte was bekend as die oorlogspad. Dit verander nou in 'n pad waarop Egiptenaars en Assiriërs heen en weer reis om mekaar te besoek met die doel om JHWH saam te dien. Vyande is nou vriende. Meer as dit. Hulle is geloofsgenote.

Verwagte uitkoms:

Juda wou hulleself verlekker in die feit dat dit swaar moet gaan met Egipte, maar God bewys dat die gode van Egipte magteloos is en Egipte draai na Jahwe toe. Dit is soos 'n bak yskoue water op Juda. Die kinders word herinner dat God die skepper is en almal gemaak het, daarom is almal Sy kinders en is Hy lief vir almal.

Aksie:

Sit-sokker

- *Verdeel die groep in twee spanne.*
- *Hulle kan hulleself posisioneer sodat hulle goed verteenwoordig is oor die speel area (maar nie sodat die een span off-side is nie).*
- *Merk twee goal-posts af.*
- *Hulle moet dan met hulle hande speel om die bal in die goal te kry, sonder om van hulle sittende posisie af weg te gaan.*

Ekstra:

- *Jy moet heeltyd een span bevoordeel, hetsy deur die ander span penalties te gee of die ander span duidelik voor te trek.*
- *Dit moet so erg wees dat die kinders dit agterkom en die span wat bevoordeel word half begin skaamkry.*
- *Die spel kan vir so 5 min aangaan.*

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Die kinders kan af-paar met 'n maatjie van 'n teenoorstaande span, hulle verduidelik dan aan mekaar wat het gebeur.
- Was die spel regverdig/onregverdig en hoekom?

Hart vrae:

- Waar het jy vantevore gevoel soos wat jy tydens die spel gevoel het (voorgetrek of benadeel)?
- Dink jy dis moontlik vir ouers om hulle kinders almal eweveel lief te hê?

Skoppens vrae:

- Noem 'n keer toe jy by die huis bevoordeel was of benadeel was.

- Noem 'n keer toe jy onregverdig behandel was teenoor jou boeties of sussies?
- Dink jy God sal mense voortrek bo ander mense?

Klawers vraag:

- Wat het jy geleer uit die verhaal tussen Juda en Egipte oor voortrekkery?
- Noem 'n paar maniere hoe ons vir ander kan wys dat God net so lief is vir hulle, al glo hulle nie noodwendig in Hom nie.